**Liturg: Ds Johan Willemse**

**Teks:**

Psalm 122 (AFR33)

**Fokusverse:**

Psalm 122:1,8 & 9

**Tema:**

Laat ons na die huis van die Here gaan om Hom te loof!

**Datum:**

22 Maart 2026

## 1. **Inleiding**

Geliefdes in ons Here Jesus,

Dinge het verander... Nie net 'n bietjie nie, maar die tye en omstandighede is **baie** anders as die dag toe Dawid hierdie Psalm gesing het. Daarom kan ons eintlik tereg vra:

- Het Psalm 122 nog enige betekenis vir ons?
  - Hoekom sal ons bid en sing vir die vrede van Jerusalem en sy paleise? Dit is tog baie ver van ons af. Kan ons nie eerder bid vir die vrede van Suid-Afrika nie?
- Maak dit nog enigsins vir ons sin?
  - Hoekom sal ons wil bly wees oor 'n stad en 'n tempel wat glad nie meer daar is nie en wat al twee maal afgebreek is?

Broers en susters, Psalm 122 is natuurlik 'n baie mooi Psalm, maar omdat dinge so drasties verander het, hoe moet ons as gelowiges hierdie Psalm lees, sing en verstaan? Juis dít is die vraag wat ons vanmore in die prediking gaan antwoord. Hoekom is Psalm 122 nog relevant vir Christene vandag? Wat is ons raakpunte?

## 2. **Liggaam**

### 2.1. Die Here se uitnodiging vir die fees:

Psalm 122 is 'n pelgrimspsalm, met ander woorde; die volk het hierdie Psalm gesing tydens een van die drie jaarlikse pelgrimsfeeste. Die volk het nie hierdie drie feeste gevier omdat hulle wou saamkom om partytjie te hou nie. Die bywoning van die feeste was 'n *opdrag* van die Here. Psalm 122:4 sê: "*Jerusalem, die plek waarheen die stamme optrek, die stamme van die Here — 'n **voorskrif** vir Israel! — om die Naam van die Here te loof.*"

- Dit maak nie saak waar in Israel jy gebly het nie. Die voorskrif is baie duidelik: "*Drie maal in die jaar moet jy vir My 'n fees hou.*" (Eks. 23:14). Hierdie opdrag is nie net gegee vir een

persoon of een groep nie, maar die hele volk moet saam optrek. Meer as dit, die Here het nie net die opdrag gegee om fees te vier nie, Hy het ook die tyd, plek, en manier bepaal.

Tog moet ons besef dat dit *nie **net** 'n opdrag was nie*. Dit was 'n groot genade, 'n voorreg. Die Here het eintlik drie keer 'n jaar die volk **uitgenooi**. Hy het 'n **afspraak** met hulle gereël om Hom te kom ontmoet. Hoor mooi wat lees ons in Deuteronomium 16:16: "*Drie maal in die jaar moet julle **voor die aangesig van die** Here jou God verskyn...*" Later sê dieselfde vers weer: "*julle moet voor die aangesig van die Here verskyn...*"

Geliefdes... Dink vir 'n oomblik hoe diepgaande hierdie gedagte is:

Die almagtige God, wat hemel en aarde geskape het, die Here wat Israel met 'n magtige hand uit Egipte verlos het, in die woestyn bewaar het en die beloofde land ingebring het - Hy, die Bewaarder van Israel (Ps. 121) wat in die hemel troon (Ps. 123), Hy reël 'n persoonlike afspraak met sy volk om fees te vier!

Hierdie is ons eerste raakpunt. Ons aanbidding, trouens, dit wat ons vandag doen, om 'n diens tot eer van God te hou, is 'n opdrag van die Here af. In die Nuwe Testament lees ons (Heb. 10:25): "*Ons moenie van die samekomste van die gemeente af wegbly soos party se gewoonte is nie, maar mekaar eerder aanmoedig om daarheen te gaan.*" Dit is 'n opdrag.

Maar, dit is ook 'n uitnodiging. Ons het die onbeskryflike groot genade om weekliks saam met ander gelowiges te vergader. Ons kry 'n uitnodiging om te ontmoet met die Here wat ons uit die sonde losgekoop het. Ons het die voorreg om elke Sondag Christus se opstanding te vier. Elke erediens, wanneer ons as kerk van die Here vergader, dan vier ons 'n fees voor die aangesig van die Here ons God.

Broers en susters, miskien moet ons onsself weer hieraan herinner as ons Sondagoggende wakker word en wonder wat ons met die dag gaan doen.

### 2.2. Ons gesindheid tot die fees:

Dit bring ons by die volgende gedagte, ons gesindheid waarmee ons na die fees van die erediens toe kom.

Kyk hoe begin Psalm 122:1: "*Ek was bly...*" Hierdie is nie 'n oppervlakkige blydskap nie, maar iets wat die Heilige Gees in 'n mens wek. Dawid praat eintlik van 'n emosie wat hom rusteloos maak. Dit is die tipe blydskap wat jou opgewonde maak, asof jou bene en arms jeuk. Waarom was Dawid bly? Hy sê: "*Ek was bly toe hulle vir my gesê het: Laat ons na die huis van die Here gaan!*"

Soos die tyd van die feeste nader kom, begin die dorpe woel. Mense praat met mekaar en begin hulle reissakke pak. Hierdie rustelose, opgewonde blydskap is aansteeklik. Diepgaande blydskap by die een maak blydskap by die ander wakker. Blymoedige mense maak mekaar nog meer blymoedig.

Maar nou die hoogtepunt: waaroor is daar soveel vreugde en opgewondenheid in die lug? Die woorde: "*Laat ons na die huis van die Here gaan.*" Die volk sien daarna uit om te vergader in die teenwoordigheid van die Here. Hulle het die uitnodiging gekry, en hulle kan nie wag nie.

Maar nou sê vers 2: "*Ons voete staan reeds in die poorte van Jerusalem.*" Die fokus val vir 'n oomblik op die groot stad, die stad op die berg, dit stad waar die ark en tempel gestaan het. Vir die gewone Israeliet, wat op die platteland woon en nie sulke reusagtige stede gewoond was nie, was Jerusalem nogal iets besonders. Psalm 48 se beryming sê dit so mooi. "*Aanskou die stad met skanse, paleise, toringtranse - hoedat hul pryk met nuwe prag.*"

Tog gaan dit <u>*nie oor die argitektuur nie*</u>: Jerusalem wat goed saamgevoeg is (Ps. 122:3), het die mense herinner aan die volk Israel. Soos wat die stad uit verskillende geboue en strukture bestaan, bestaan Israel uit verskillende stamme. Die stamme is opgedeel in verskillende dele en dorpe met hulle eie gewoontes en manier van dinge doen. En tog...

Wanneer daar erediens gehou word, dan is hierdie mense soos die stene, huise, mure en paleise van Jerusalem wat alles, een groot goed saamgevoegde stad vorm. En netsoos die middelpunt van die stad die berg Sion is, waar God woon – Netso is Jerusalem die middelpunt vir Israel, want daar kom hulle voor die Here se aangesig.

Dan draai sy gedagtes van die stad na die koning. Vers 5 lees ons: "*Daar in Jerusalem staan die stoele vir die gereg, die stoele van die huis van Dawid.*"

Jerusalem was nie net die Godsdienstige hoofstad nie, maar ook die politieke een. En vir Israel was die koning nie net ’n politieke figuur nie. Hy moes vanuit God se wet regeer. Sy taak was om die reg en vrede **van die Here** in die land te vestig. Deur hom word God se heerskappy sigbaar op aarde.

Geliefdes, dit is hierdie dinge wat Dawid bly maak. Hy is opgewonde om saam met al sy stamgenote, in een stad, bymekaar te kom om vir die Here ’n fees te vier. Hy is opgewonde om te gaan na die tempel, en die stad met sy mooi geboue! Hy is opgewonde oor wat God besig is om te doen, en dat hy deel daarvan is.

Maar waar is daardie Jerusalem vandag? Wie is Israel na ons Jesus Christus die hele Ou Testament vervul het?

- Ons lees in Galasiërs 4:26: "*Jerusalem daarbo is vry; en dit is die moeder van ons almal.*"

Hierdie "*Jerusalem daarbo*" staan teenoor die sigbare Jerusalem in Israel.

- In Hebreërs 12:22-23 lees ons: "*Maar julle het wel gekom by Sionsberg en die stad van die lewende God, **dit is die hemelse Jerusalem** met sy miljoene engele, by die feestelike samekoms, die vergadering van die eersgeborenes... Julle het gekom by God wat Regter oor almal is, en.. by Jesus, die Middelaar van die nuwe verbond...*"

"*Jerusalem daarbo*", die "*hemelse Jerusalem*" dit is die kerk van die Here Jesus, dit is ek en jy. Deur God se groot liefde is ons elkeen deel daarvan, goed saamgevoeg in een liggaam (Ef. 4:16). Geliefdes, om Kerk van die Here te wees is 'n fees! Maar meer as dit, wanneer ons as Kerk van die Here bymekaar kom in die erediens, is dit ook 'n fees.

Nou is die vraag: Is ons bly daaroor?

Sing ons Saterdagaand en Sondagoggend soos Psalm 122: "*ek was bly toe hulle vir my gesê het - kom, laat ons na die huis van die Here gaan*"? Besef ons nog die genade om voor die aangesig van die Here te kom en fees te vier - wat dit gekos het? Besef ons dat die Here vir ons 'n belangrike plek hier gegee het?

Op 'n praktiese noot, berei ons voor vir die eredienste? Praat ons met mekaar oor die erediens? Ouers praat julle met julle kinders oor die erediens? Wek ons blydskap by mekaar op vir die fees? Want onthou dat klein jakkalsies ons blydskap baie kan beïnvloed:

- 'n Gejaag op 'n Sondagoggend.
- Laat gaan slaap op 'n Saterdagaand.
- 'n Gevoel van traagheid.
- Kort-kort 'n naweek-wegbreek.

Daar is baie duiwels wat karring aan die erediensfees. Wat doen ons daaraan?

Let daarom op die aansporing van Psalm 122. Ons moet blydskap by mekaar kweek oor die erediens en mekaar daarheen oproep – in ons gesinne en as lidmate onder mekaar.

### 2.3. Ons gebede vir die fees:

Dit bring ons by ons laaste gedagte, ons gebede vir die fees.

Die laaste vier verse van Psalm 122 is 'n aansporing tot gebed. Bid vir die vrede van Jerusalem. Bid dat almal wat Jerusalem liefhet, 'n rustige lewe mag hê. Bid vir vrede op die stadsmuur, vir rus in die paleis waar geregeer moet word.

Wie moet vir hierdie dinge bid? Wie anders as die mense wat so vol blydskap na Jerusalem toe optrek? Dawid en sy medegelowiges wat so opgewonde is, húlle moet bid! Dit is dringend noodsaaklik dat hulle dit doen. Want die vrede van Jerusalem is nie vanselfsprekend nie.

Tydens die Ou Testamentiese tyd, is Israel konstant van alle kante deur baie vyande geteister. Netso lê die vyande van die kerk en loer. Hulle wil ons Kerk-wees en die erediensfees versteur.

Soms val hulle die mure van buite af aan deur werksomstandighede, sport, besigheid, ens. Die wêreld lag vir feesgangers. Soms gebruik die Satan die regering of ander valse gelowe om ons op die pad voor te keer.

Ander kere sluip die Satan rond binne die mure. Stilletjies werk hy van binne af, onder ons. Baie keer deur ons eie luiheid of louheid, deur duisende ongeldige verskonings wat ons uitdink. Ander kere is dit onrus in die gemeente. Tussen gelowige kerkgangers kom daar konflik. Ons tree liefdeloos teen mekaar op.

Dit alles beïnvloed ons erediens aan God. Daarom hierdie dringende oproep:

Bid vir die vrede van Jerusalem, die kerk. Bid dat daar waar gelowiges met mekaar vassit, uitsluitsel sal kom en Satan nie laaste sal lag nie. Bid vir ampsdraers wat huisbesoek doen en in die kerkraad vergader en besluite neem oor mense se lewens voor die aangesig van God. Bid vir predikante wat gedurende die week besig is om voor te berei vir die verkondiging van die Woord. Bid Saterdagaand vir Sondag se eredienste, sodat ons almal met blydskap daarheen kan optrek. Bid vir elke lidmaat, dat ons kan werk en rustig kan lewe, ook rustig kan Sabbat vier.

En geliefdes, tree ooreenkomstig julle gebed op: Soek die goeie vir die kerk. Reik uit na mekaar. Lewe in vrede met alle mense sover dit van jou afhang (Rom. 12:20). Mag God ons moedig, sterk en standvastig maak (1 Pet. 5:10).

## 3. <u>Slot</u>

Ek sluit af.

Tye het verander. Niemand van ons hoef vandag meer drie dae aaneen, honderde kilometer ver met pakdonkies, waens, kind en kroos oor berge en deur dale te trek nie. Ons klim negeuur in die kar, ry dertig minute en kom saam vir ’n uur. Soms kla ons ook nog dat die erediens te lank is.

Mag God egter deur sy Gees die gesindheid van Psalm 122 by ons kweek. Ons kry ’n uitnodiging om fees te vier, saam met medegelowiges, in die teenwoordigheid van die Here. Mag ons ware en diepe vreugde beleef as ons vir mekaar sê: “*Laat ons na die huis van die Here gaan!*”

Mag ons die eredienste as opdrag van God, nougeset bywoon en bid vir die vrede, rus en ’n rustige lewe vir God se volk om die erediensfees te kan vier.

# Amen